

Christus se opstanding maak dat ons diens aan die Here vir God altyd behoue bly.

ds. PJ Kriel

Begrafnis Annette Strydom

01.05.2017

Inhoud Die mag van die dood is om ons lewe in diens en in liefde met God tevergeefs te maak. Deur die dood gaan al ons handewerk vir God verlore en tot niet. Christus het as mens uit die dood opgestaan en leef vandag as mens onsterflik en onverganklik. Hy sluit ons in hierdie lewe in en sal met 'n magsdaad ons ook as mense met onsterflikheid en onverganklikheid beklee om ewig as mense in God se liefde te leef. Daarmee breek Christus die mag van die dood om ons lewe en diens aan God tevergeefs te maak. Die kortstondigheid, tydelikheid en moeitevolheid van die lewe is 'n lewe met God in sy goedheid vir ewig.

Skriflesing Ps. 90. 1 Korintiërs 15: 16 – 28, 54 – 58.

Teks 1 Korintiërs 15: 58 “Daarom dan, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorstroomd in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here, nie tevergeefs is nie.”

Tema Christus se opstanding maak dat ons diens aan die Here vir God altyd behoue bly.

1. Moses se gebed in Psalm 90 vers 17 en die aankondiging van die troos van die evangelie dat Christus uit die dood uit opgestaan het, in 1 Korintiërs 15 vers 58 moet altyd saam gelees word. Want in die opstanding van Christus uit die dood word die gebed van Moses deur God geantwoord.

Moses se gebed gaan oor die moeite, die tydelikheid en die kortstondigheid van die lewe: “die dae van ons lewe, dit is maar sewentig, en as die kragte daar is, tagtig en die beste daarvan is vol moeite en rampe.

Die dood van die mens verseël hierdie aard van die mens se lewe as moeitevol, kortstondig en tydelik met die karakter van tevergeefsheid.

2. Dit is die ingrypende vernietigende krag van die dood van die mens. Dit ontnem die lewe van sy doel, sy sin en betekenis en maak op hierdie wyse al die gesukkel met 'n kort en tydelik lewe tevergeefs.

Dit sien Moses raak in die amper niksseggendheid van die lewe van gras. Gras wat na 'n reën bui of dou in 'n dorre semi-woestyn net soos agter die Soutpansberg gras vinnig laat opskiet, net om in dieselfde dag deur die versengende hitte van die son laat oggend te verlep en teen die middag al dood en droog is.

In Moses se gemoed is hierdie beeld van die amper nuttelose poging van gras om in 'n woestyn te groei, die beeld van die tevergeefsheid van die mens se inspanning met 'n moeitevolle lewe.

Christus se opstanding maak dat ons diens aan die Here vir God altyd behoue bly.

3. Dit is dan binne hierdie oorweldigende gevoel van tevergeefsheid om jou in te span om 'n moeitevolle, tydelike en kort lewe te wil voer dat Moses dan hierdie besondere gebed tot God rig:

“Laat ons die goedheid van die Here ons god belewe: hou die werk van ons hande in stand, ja, die werk van ons hande, hou dit in stand.”

In hierdie versugting rig Moses twee versoeke tot God: 1. dat hierdie kortstondige lewe vol moeite en rampe, nie 'n lewe buite die goedheid van God sal wees nie en 2. dat die diens en liefde aan die Here nie tevergeefs sal wees nie, dat dit nie sal wegraak en tot niet gaan asof dit nooit diens en liefde aan God was nie.

4. Hierdie versoeke wat Moses tot God rig moet u dan saamlees met die vertroosting wat die Here aan gelowiges bring deur die sy opstanding uit die dood. Dit is die Here se opstanding as mens lewend, na Hy dood was, wat aan ons lewe hierdie betekenis gee: “Ons inspanning in diens van die Here is nie tevergeefs nie.”

Paulus is in sy brief aan die gemeente in Korinte besig om dieselfde vernietigende krag van die dood as wat Moses in Psalm 90 aan die orde stel, te verwoord. Paulus wys die gemeente daarop dat as hulle hul hoop op Christus stel, net vir hierdie lewe nou hier op aarde, dan is hulle die bejammerendswaardigste van alle mense.

Om die Here Jesus te dien, lief te hê en binne sy liefde en goedheid as Here te leef, maar dit alles te verloor deur die vernietigende krag van die dood, maak dat jy meer pateties is as hulle wat die Here se liefde nie ken ene deel nie. Want hulle sterf sonder om die liefde van die Here te verloor en sonder om 'n lewe van diens wat tevergeefs is. Hulle sterf sonder liefde en diens wat tevergeefs is.

Dit is beter dan om nie liefde en diens te ken nie, om net te leef vir mag en drif, as om liefde en diens te verloor in die mag van vergetelheid.

Hoekom?

Want dit maak dat om binne die liefde van God te leef en Hom lief te hê en te dien, 'n misgissing met God self is: God laat die liefde en diens binne 'n moetievolle, kort en tydelik lewe, tevergeefs wees. Hy maak dat die werk van ons hande vir Hom geen blywende waard vir Hom het nie. Hy maak dat die liefde waarin Hy ons insluit en die liefde wat Hy in ons skep vir Hom, deur die dood vir Hom en ons verlore raak.

5. Teenoor hierdie dreigende nietigheid, nutteloosheid en tevergeefsheid van hierdie lewe met al sy gesukkel kondig Paulus dan dankbaar aan:

“Maar aan God die dank dat Hy aan ons die oorwinning gee deur Jesus Christus.”(vers 57)

Christus se opstanding maak dat ons diens aan die Here vir God altyd behoue bly.

Christus gee oorwinning oor die nietigheid en tevergeefsheid van 'n lewe in diens aan en in liefde vir God. Paulus is dankbaar dat die angel van die dood weg is. Daardie angel wat Moses sien in die gras wat in 'n woestyn groei. Daardie angel dat God vir jou net so God is soos Hy God is vir gras in die woestyn. Hy gee jou net 'n bietjie goedheid, 'n bietjie liefde en 'n bietjie krag sodat jy net kan begin leef en net aan die lewe kan bly terwyl jy alles moet oorleef, maar dan onttrek Hy sy liefde en goedheid en verskroei jou met sy toorn en gramskap soos 'n versengende son. Hy gee jou 'n bietjie goedheid en liefde om te leef maar verlep en verdroog jou dan amper dadelik weer binne sy woede, toorn en oordeel.

Paulus kondig aan dat hierdie angel van die dood geknip is, net soos 'n mens die angel van 'n by of perdeby afknip. Hierdie angel van die dood – God maak my handwerk tot niet, Hy maak my lewe niksseggend vir Hom – is uit die dood wat ons sterf weggeneem deur die Here Jesus Christus.

6. Wat is hierdie oorwinning oor die dood?

Dit is 'n gawe van die Here aan ons. Dit is nie 'n opdrag wat die Here aan ons gee nie. Dit is wat ons moet raaksien in hierdie gebed: “Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.”

Hierdie oorwinning is nie iets wat jy kry omdat jy aangehou het om jou in te span vir God binne hierdie kort, tydelike en moeitevolle lewe nie. Dit is 'n gawe van God. Hy gee jou hierdie oorwinning.

Die gawe wat Hy ons gee klink so:

“Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike bekleed word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike.”

Dit is presies wat die Here Jesus vir Homself bewerk en met Homself gedoen het op Paassondagoggend. Paulus stel dit so: “Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het. Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur 'n mens gekom.” (1 Kor. 15: 20, 21)

Dit is die magsdaad wat die Here Jesus met ons gaan doen: Hy gaan ons laat deel in sy opstanding uit die dood. Hy gaan ons sterflike liggaam met onsterflikheid bekleed en ons verganklike liggaam met onverganklikheid. Dit is hoe Hy vandag mens is, mens na liggaam siel en gees, maar na sy opstanding uit die dood, onsterflik mens vir God en onverganklik mens vir God.

Christus se opstanding maak dat ons diens aan die Here vir God altyd behoue bly.

Wanneer die Here ons so weer mens na liggaam, die en gees onsterflik mens sal laat wees en onverganklik mens sal laat wees, deel ons in sy oorwinning oor die vernietigende krag van die dood op die mens en menslikheid.

7. Dit is die oorwinning waarvan Annette vanoggend deel is. Christus sal haar wat gesterf het, as mens met onsterflikheid beklee en uit die dood laat opstaan. Christus sal haar wie sy liggaam besig is om nou te vergaan, met onverganklikheid beklee wanneer Hy haar uit die dood sal laat opstaan om weer mens vir god vir ewig te wees.

Dit is hoe die Here vir Annette goed is en hoe die Here die werk van haar hande in stand sal hou.

Deur hierdie magsdaad van die Here verander Christus alles wat die dood oor haar en haar lewe gebring het. Verander Hy alles van haar liefde en diens aan die Here in haar moeitevolle lewe vol rampe.

Deur haar te as mens te beklee om onsterflik weer mens met Hom te wees en weer onverganklik mens te wees met Hom as God, hou God haar altyd in sy goedheid, net soos Moses ook gebid het vir homself en die hele kerk. Maak God al haar handewerk in sy diens in en in liefde vir Hom, deel van haar ewige lewe saam met God.

So antwoord die Here Jesus Moses en ons as Kerk se gebed oor die tevergeefsheid wat die dood oor die lewe bring:

“Laat ons die goedheid van die Here ons God belewe: hou die werk van ons hande in stand, ja die werk van ons hande, hou dit in stand.”

Deur ons in te sluit in sy opstanding as mens uit die dood uit en in te sluit in die onsterflike en onverganklike lewe wat Hy as mens vandag leef, kan ons hierdie versoek tot God nou as dankgebed bid:

“Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.” Ons weet deur die gawe dat die Here ons met onsterflikheid en onverganklikheid sal beklee om vir ewig mens met God te wees, dat ons inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie.

8. Ons moet Annette vanoggend nie sien binne die magsgreep van die dood nie. Sy is binne die mag van die Jesus Christus. Met hierdie mag sal Hy haar wat nou hier dood is, met onsterflikheid en onverganklikheid beklee.

Dit moet ons hele ingesteld oor haar dood verander en ook al ons gevoelens, gedagtes en ervarings van haar dood bepaal. Kan dit van God waar wees dat Hy

Christus se opstanding maak dat ons diens aan die Here vir God altyd behoue bly.

Annette en haar liefde vir Hom en haar diens aan Hom net soos gras laat wees? Net so bietjie goed en lief vir haar soos 'n oggenddou in 'n woestyn om vir die res van jou lewe buite sy goedheid onder sy toorn, gramskap en woede uit te teer? Net vir 'n kort rukkie in sy liefde en goedheid te leef in moeite en met rampe om dan deur God vergeet te word asof jy nooit daar was nie?

Dit kan nie van Annette waar wees nie. Want sy is ingesluit in Christus wat met sy lyding, kruisiging en sterwe al God se toorn, gramskap en woede oor haar op Hom geneem het sodat sy altyd en vir ewig in sy goedheid en liefde kan leef!

Dit kan nie waar wees van haar nie want Christus het uit die dood opgestaan om haar vir altyd in te sluit en te laat deel in sy lewe, nou, in die dood en tot in ewigheid. Opgestaan om haar met onsterflikheid en onverganklikheid weer as mens uit die dood te laat opstaan sodat niks van haar lewe met, haar diens aan en haar liefde vir God vir God tevergeefs is nie. Dit is behoue vir 'n ewige lewe met God.

9. Kom ons ontdek haar vanoggend in haar dood en ons as haar kinders en kleinkinders in hierdie teenswoordige lewe, in hierdie magsdaad van Christus!

Haar en haar kinders en kleinkinders se inspanning in diens van die Here is nie tevergeefs nie. Hy is ons toevlug van geslag tot geslag. (Ps. 90: 1) Dit is deel van ons ewige lewe met God, hier, in die dood en ook wanneer ons met onsterflikheid en onverganklikheid deur die Here belee sal word.

Haar en haar kinders en kleinkinders se volharding in diens aan die Here, liefde vir die Here en toewyding aan die Here is nie tevergeefs nie. Hy is ons toevlug van geslag tot geslag. God laat dit vir ewig vir Hom behoue bly. Hy hou dit vir Hom as liefde en diens aan Hom in stand.

Die moeite waarmee Annette moes leef, die rampe wat die Here oor haar lewe beskik het, haar verliese waarmee sy moes saamleef, verseël nie die mag van die dood nie. Sy is vir ewig behoue in die goedheid van God.

Kom ons neem van haar as ma en ouma, as niggie, vriendin en medegelowige afskeid met hierdie geloof in ons harte – ons is elkeen ingesluit in 'n magsdaad wat Jesus Christus as Here sal voltrek: Hy sal ons weer mens met Hom laat wees na ons dood – onsterflik en onverganklik mens met God!

Kom ons gaan leef in hierdie hoop: binne hierdie tydelike, kortstondige lewe met die gesukkel met al die moeite en rampe wat God oor ons beskik, kan ons standvastig, onwrikbaar toegewyd bly aan God – niks wat ons saam met die Here doen en beleef, is tevergeefs nie.

Ons leef nou, in die dood en in die nuwe skepping met God die ewige lewe.